Nelson Mandela Metropolitan University

for tomorrow

Port Elizabeth & George

Vrae & Antwoorde

Inhoudsopgawe

NMMU leefstyl

Hoekom NMMU? 2

Studeer by NMMU

Hoe doen ek aansoek om toelating? 3

Is daar 'n sperdatum vir aansoeke? 3

Wat behels 'n onderhoud met 'n akademiese departement? 3

Sal my tweede kursuskeuse oorweeg word as ek nie aanvaar is vir my eerste keuse nie? 3

As my Junie/Julie matriekuitslae nie goed was nie, moet ek dit nog steeds gebruik om aansoek te doen by NMMU? 4

Wat is die onderrigtaal van die Universiteit? 4

Word alle kwalifikasies by NMMU internasionaal erken? 4

Kan studente afkomstig van ander universiteite hulle studies voortsit by NMMU?..... 4

Help NMMU gegradueerdes om werk te kry na voltooiing van hulle studies?..... 4

Geldsake

Watter tipe fooie is betaalbaar?..... 5

Watter beurse/fondse is beskikbaar by NMMU en hoe doen ek aansoek?..... 5

Verblyf

Is NMMU 'n residensiële universiteit?..... 7

As ek in PE of George woon, kan ek in 'n koshuis bly? 7

Watter tipe akkommodasie is beskikbaar op kampus?..... 7

As ek privaat loseer, kan ek nog steeds deelneem aan studentelewe? 7

Wat gaan kampusverblyf my kos? 8

Word etes in die koshuise voorsien? 8

Is ek verseker van 'n plek in 'n koshuis? 8

Sal ek 'n kamer deel of sal ek alleen bly?..... 8

Meer inligting

Waar kan ek meer inligting bekom oor studierigtings by NMMU? 8

NMMU Visie, Missie en Waardes 9

Welkom by NMMU

Dankie vir jou belangstelling in Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit (NMMU) – 'n universiteit wat jou voorberei vir die uitdagings van die lewe en die werkplek ... vir jou toekoms.

Hierdie gids bied antwoorde op 'n paar belangrike vrae wat jy mag hê oor studentwees by NMMU. Ons hoop dat die inligting jou sal aanspoor om meer uit te vind oor ons universiteit en dat jy ten einde by NMMU sal registreer as student.

Ons sien uit daarna om jou by NMMU te verwelkom.

Professor Derrick Swartz
NMMU Visekanselier

"Om by NMMU aan te sluit mag wel een van die belangrikste besluite in jou beroepsloopbaan wees."

NMMU leefstyl

Hoekom NMMU?

NMMU is ideaal geleë en bied 'n wye verskeidenheid studieprogramme in 'n vriendelike, multi-kulturele omgewing aan.

- **Ons ligging:** Vyf van NMMU se kampusse is geleë in Nelson Mandela Baai (Port Elizabeth) en een in die pragtige Suid-Kaapse dorp, George. Beide is ideale plekke om jou studentejare deur te bring, en bied al die opwinding van 'n stadslewe, sowel as 'n vriendelike en veilige omgewing in asemrowende natuurskoonheid – strande, berge, wildreservate en inheemse woude rondom jou.

- **Ons studie-ervaring:** NMMU bied meer as 500 studieprogramme aan, ook in areas waarin ons universiteit landswyd en internasionaal erkenning geniet. Ons is bekend vir hoë-kwaliteit onderrig in onder andere geoktrooieerde rekeningkunde, kuns en ontwerp, die bouwetenskappe, ingenieurswese, omgewingstudies, natuur- en gesondheidswetenskappe, en inligtingstegnologie. Ons Universiteit word tans ook gereken vir navorsing in velde soos nanofotonika, motoringenieurswese, megatronika en MIV/vigs in onderwys. Baie kursusse sluit indiensopleiding in die werkplek as deel van die kurrikulum in, en stel jou so in staat om ná jou studies direk die arbeidsmark te betree.

- **Ons multi-kulturaliteit:** NMMU is die mees diverse universiteit in Suid-Afrika, met buitelandse studente van reg oor die wêreld. Ons het vennootskappe met meer as veertig toonaangewende internasionale universiteite van Afrika, Europa, Japan en die VSA om te verseker dat ons studente gesog is wanneer hulle die wêreld-arbeidsmark betree.

- **Ons gee om:** NMMU bied 'n wye verskeidenheid aktiwiteite, wat beteken dat jy pret kan hê terwyl jy studeer. Ons sosiale, akademiese en kulturele verenigings, sportklubs en –fasiliteite bied jou geleentheid om nuwe vriende uit verskeie kulture te maak, onderwerpe van gemeenskaplike belang te verken, en jou sporttalente te ontwikkel. Daar is ook heelwat studenteondersteuningsdienste wat jou studentelewe kan vergemaklik. Studente het toegang tot uitstekend toegeruste laboratoriums, lesingsale, biblioteke, berading en gesondheidsdienste, kafeteria's en koffiewinkels. NMMU akkommodeer ook in studente met gestremdhede.

Studeer by NMMU

Hoe doen ek aansoek om toelating?

Eerstens moet jy seker maak dat jy voldoen aan die toelatingsvereistes van die studierigting van jou keuse. Verkry 'n kopie van die voorgraadse studiegids sowel as 'n aansoekvorm van die toelatingskantoor of laai dit af van ons webtuiste by (www.nmmu.ac.za / application).

Handig dan jou voltooide aansoek saam met die relevante dokumentasie en aansoekfooi by die toelatingskantoor in of pos dit na die aangeduide adres. Die aansoekfooi verander jaarliks, raadpleeg daarom asseblief die toelatingskantoor vir die korrekte bedrag. Voornemende studente wie se ouers by NMMU gestudeer het, betaal nie die aansoekfooi nie, op voorwaarde dat die voltooide aansoek die toelatingskantoor vóór die aanvanklike sluitingsdatum aan die begin van Augustus van elke jaar bereik. Alle voornemende studente sal skriftelik verwittig word van die uitslag van hul aansoek.

Is daar 'n sperdatum vir aansoeke?

Ja, aansoeke vir voorgraadse kursusse sluit op die eerste werksdag van Augustus van elke jaar. Aansoeke sal nog steeds aanvaar word ná hierdie datum, maar teen 'n hoër aansoekfooi. Daar is geen waarborg dat jy aanvaar sal word ná hierdie datum nie, aangesien voorkeur gegee word aan voornemende studente wie se aansoekvorms voor die amptelike sluitingsdatum ingedien is.

Wat behels 'n onderhoud met 'n akademiese departement?

Slegs voornemende studente wat aansoek gedoen het vir spesifieke programme, sal 'n onderhoud moet bywoon. Tydens hierdie onderhoud kan daar van jou verwag word om 'n portefeulje van jou werk voor te lê en vrae oor jou belangstellings en inspirasie te beantwoord. Besonderhede van die vereistes vir die onderhoud en portefeulje sal aan jou gestuur word sodra jou aansoekvorm geprosesseer is. Portefeuljes is tans net 'n vereiste vir studente wat wil studeer in die kreatiewe en visuele kunste.

Sal my tweede kursuskeuse oorweeg word as ek nie aanvaar is vir my eerste keuse nie?

Ja, voornemende studente sal eers oorweeg word vir hul eerste keuse, en as hulle nie voldoen aan die direkte toelatingsvereistes nie, maar hul Toelatingspunttelling (TPT) val binne die beskikbare toetsband, sal hulle 'n verdere keuringstoets aflê. As hulle nie voldoen aan die direkte toelatingsvereistes vir hul eerste keuse of hulle TPT laer is as die TPT toetsband, sal hulle tweede keuse oorweeg word op voorwaarde dat daar wel nog plek beskikbaar is in die betrokke program.

As my Junie/Julie matriekuitslae nie goed was nie, moet ek dit nog steeds gebruik om aansoek te doen by NMMU?

Voornemende studente kan hul Graad 11 finale eksamenuitslae gebruik om aansoek te doen vóór die finale sluitingsdatum in Augustus. Let wel dat jy nog steeds jou Graad 12 Junie/Julie of September-uitslae moet indien om voorlopige toelating tot NMMU te bekom. Die finale besluit word gebaseer op jou Graad 12 eindeksamenuitslae.

Wat is die onderrigtaal van die Universiteit?

Die taal van leer en onderrig by NMMU is Engels. Ons streef ook daarna om isi-Xhosa as 'n taal en kultuur te ontwikkel en bevorder ook die handhawing en versterking van Afrikaans.

Word alle kwalifikasies by NMMU internasionaal erken?

Ja, NMMU word internasionaal erken en is, waar vereis word, geakkrediteer deur die betrokke professionele beroepsliggame.

Kan studente afkomstig van ander universiteite hulle studies voortsit by NMMU?

Ja, voornemende studente wat by 'n ander hoëronderwys instelling gestudeer het, en nou graag hul studies by NMMU wil voortsit, kan aansoek doen om toelating. Kandidate moet seker maak dat hulle 'n gedragssertifikaat en akademiese rekord van hul huidige instelling met die voltooide NMMU aansoekvorm by ons toelatingskantoor indien.

Help NMMU gegradueerdes om werk te kry na voltooiing van hulle studies?

Die Universiteit streef daarna om soveel inligting en dienste moontlik beskikbaar te stel aan huidige studente om hulle beter toe te rus nadat hulle gegradueer het. Ons Sentrum vir Studenteplasing help studente om in kontak te kom met moontlike werkgewers in die arbeidsmark.

Geldsake

Watter tipe fooie is betaalbaar?

- **Aansoekfooi:** Wanneer jy aansoek doen, betaal jy 'n nie-terugbetaalbare aansoekfooi wat die administratiewe koste dek om jou aansoek te prosesseer.

- **Inskrywingsfooi:** 'n Inskrywingsfooi word jaarliks teen jou rekening gedebiteer.

- **Registrasiegelde:** Die registrasiefooi is betaalbaar vóór of op die registrasiedatum en is reeds 'n gedeeltelike voorafbetaling van jou totale klasgelde. Die bedrag sal gekrediteer word op jou studenterekening.

- **Klas- of onderriggelde:** Klasgelde word gebaseer óf op 'n vaste bedrag per studiejaar, óf volgens die aantal geselekteerde modules wat vir 'n studiejaar voorgeskryf is. Hierdie gelde wissel van kursus tot kursus. 'n Gedetailleerde rekening kan slegs verskaf word wanneer alle werklike kostes bereken is ná registrasie.

- **Losiesgelde:** Studente wat in een van NMMU se koshuise aanvaar is, moet 'n afbetaling maak vóór registrasie. 'n Koshuis breekskade-deposito, sowel as betaling vir etes wat voorsien word deur die universiteit, moet ook betaal word.

Watter beurse/fondse is beskikbaar by NMMU en hoe doen jy aansoek?

- **Prestasiebeurse:** Die prestasiebeursskema beloon toppresteerders vir die uitslae wat hulle behaal het in die finale Graad 12-eksamen. Hoe beter jou punte, hoe groter is die afslag op jou klasgelde. Punte word toegeken vir die uitslae wat jy behaal in elk van jou sewe NSS-vakke en die bedrag is gekoppel aan die totale merietepunt behaal. Geen aansoek is nodig nie – die beurs sal outomaties toegeken word.

- **NMMU Visekanseliersbeurs:** Die Visekanselier het onlangs 'n *prestige* beurs bekendgestel wat gemik is op toppresteerders regoor die land. Die beurs beloop R60 000 per jaar, en is jaarliks hernubaar vir die eerste voorgraadse graad- of diplomakursus, met die voorwaarde dat akademiese prestasie van die hoogste standaard gehandhaaf word. Tot 25 visekanseliersbeurse word jaarliks toegeken. Vir meer inligting skakel: Bemarking & Korporatiewe Betrekkinge by 041 504 3084.

- **Studentemerietebeurse:** Huidige studente kwalifiseer outomaties vir merietebeurse gebaseer op hul finale uitslae per jaar. Studente wat al hulle modules met 'n geweegde gemiddelde punt van 70% (onderhewig aan verandering) of hoër slaag, ontvang 'n studente merietebeurs wat volgens 'n glyskaal bepaal word. Die minimum waarde is R3 000. Hierdie toekenning word slegs gemaak aan RSA burgers.

- **Sportbeurse:** Die NMMU Sport Buro bied sportbeurse van verskillende bedrae aan top sportpresteerders. Aansoekvorms is beskikbaar by hul kantoor. E-pos: Charmaine.button@nmmu.ac.za of skakel 041 504 2496. Sluitingsdatum: Voor die einde van Oktober van elke jaar.

- **Nasionale Studente Finansiële Hulpskema (NSFAS)**: NSFAS is 'n regeringgesubsidieerde leningskema vir finansieel-behoeftige studente wat die akademiese potensiaal het om sukses te behaal. 'n Maksimum van 40% van die lening kan omskep word in 'n nie-terugbetaalbare beurs op grond van akademiese prestasie. Die lening dek nie noodwendig alle koste nie, en studente word daarom aangemoedig om bykomende fondse uit ander bronne te bekom. Slegs studente wie se bruto gesinsinkomste (ma en pa) gekombineer, nie meer as R140 000 per jaar beloop nie, kan aansoek doen. Aansoeke moet skriftelik gedoen word op die voorgeskrewe aansoekvorm voor die einde van Oktober elke jaar. Aansoekvorms is beskikbaar by alle finansiële bystandskantore van universiteite vanaf Mei elke jaar. Onvolledige aansoekvorms sal nie oorweeg word nie.

- **Beurse geadministreer deur NMMU:** Beurse is ook beskikbaar vir voltydse studente met behulp van fondse wat deur private skenkers of trustees voorsien word. Aansoeke om finansiële bystand vanuit hierdie fondse moet gedoen word op 'n voorgeskrewe finansiële bystandsaansoekvorm. Aansoekvorms kan verkry word van ons finansiële bystandskantoor op die Suid kampus.

Verblyf

Is NMMU ‘n residensiële universiteit?

NMMU is ‘n residensiële universiteit wat ‘n opwindende, multi-kulturele studente lewe bied. NMMU bied verskillende tipe opsies aan studente in die verskillende studiejare.

As ek in PE of George woon, kan ek in ‘n koshuis bly?

Ongelukkig nie. Omdat beskikbare plek beperk is, kan studente wat binne ‘n 60km radius bly vanaf die universiteitskampusse in Port Elizabeth of George nie aansoek doen vir koshuisinwoning nie. Slegs in uitsonderlike gevalle sal toegewings gemaak word vir sulke studente wat kampusakkommodasie benodig. Sodanige versoeke moet vir oorweging gerig word aan die Studente Behuisingsdepartement.

Watter tipe akkommodasie is beskikbaar op kampus?

Eenhede bestaan hoofsaaklik uit dubbelkamers met gemeenskaplike badkamers wat gedeel word. Daar is ‘n beperkte aantal enkelkamers beskikbaar. Enkelkamers word toegeken aan senior studente op grond van meriete. Koshuisfasiliteite wissel van kampus tot kampus.

As ek privaat loseer, kan ek nog steeds deelneem aan studentelewe?

Ja, alle nie-residensiële studente is outomaties deel van die Oppidani-huis en staan bekend as “Oppies”. Deelname aan sport- en kultuuraktiwieteite word aangemoedig om deel van die NMMU studentegemeenskap te word.

Wat gaan kampusverblyf my kos?

Koshuisgelde wissel afhangende van die tipe kamer (enkel of dubbel) wat aan jou toegeken is. Bykomend tot jou standaard verblyfgelde, moet studente wat in die koshuis woon 'n aanvanklike voorafbetaling maak, en ook 'n breekskade-deposito en registrasiegelde betaal. Vir meer inligting raadpleeg ons finansiële gids.

Word etes voorsien?

NMMU-koshuise voorsien beide selfsorgfasiliteite en eetsale waar maaltye bedien word. Die selfsorg-koshuise is tradisioneel vir senior studente, terwyl koshuise met eetsale vir eerste- en tweedejaarstudente is. Die eetsale in die eerste- en tweedejaarkoshuise bied ontbyt, middagete en aandete sowel as 'n verskeidenheid a la carte items. 'n Student kan sulke items vooraf bespreek deur die elektroniese maaltydsisteem (Meal Management System).

Is ek verseker van 'n plek in 'n koshuis?

Vanweë beperkte plek kan nie alle voornemende studente in die koshuise geakkommodeer word nie. Vroeë aansoeke is noodsaaklik en geen plek sal toegeken word, voordat jy nie eers akademies by NMMU aanvaar is nie.

Sal ek 'n kamer deel of sal ek alleen bly?

Alle eerstejaarstudente sal 'n kamer met 'n medeeerstejaarstudent deel. Sommige studente verkies selfs om 'n kamer gedurende hulle senior studiejare ook te deel. Enkelkamers is beperk en word toegeken aan senior studente gebaseer op meriete.

Vir meer vrae en antwoorde
besoek ons webwerf by
www.nmmu.ac.za/learnerquestions

Meer inligting

Waar kan ek meer inligting bekom oor studierigtings by NMMU?

Voornemende studente kan meer inligting oor NMMU se wye verskeidenheid programme kry deur óf die toelatingskantoor óf die bemarkingseenheid te skakel:

Port Elizabeth-kampusse:
Tel: 041 504 1111
E-pos: admissions@nmmu.ac.za of info@nmmu.ac.za

- Posbus 77000
- Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit
- Port Elizabeth • 6031

George Kampus
Tel: 044 801 5111
E-pos: george-info@nmmu.ac.za

- Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit
- George Kampus
- Privaatsak X 6531
- George • 6530

Visie

Om ‘n dinamiese universiteit in Afrika te wees wat leiding neem in die skepping van uitmuntende kennis tot voordeel van ‘n volhoubare toekoms.

Missie

Om ‘n verskeidenheid van gehalte opvoedkundige geleenthede te bied wat ‘n kritiese en konstruktiewe bydrae maak tot plaaslike, nasionale en globale volhoubaarheid.

Waardes

Respek vir diversiteit

Uitnemendheid

Ubuntu

Integriteit

Respek vir die natuurlike omgewing

Neem verantwoordelikheid

Neem asseblief kennis dat hierdie publikasie is gedruk op omgewingsvriendelike papier.

BOOMTOWN.CO.ZA NMMU0125

Noord Kampus, Somerstrand

Suid Kampus, Somerstrand

Bird Straat Kampus

Missionvale Kampus

George Kampus

Tweede Laan Kampus